Quo Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

NR. 161, Aug. 1981 Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

LEWE IN DIE DOOD?

Wie in My glo,
sal lewe,
al het hy ook gesterwe.

NET 20 MINUTE!

Ek vra net 20 minute van jou tyd. Dit sal jou nie veel langer neem om hierdie paar artikels deur te lees nie.

Ek wil jou vertel van 'n wonder. Die wonder van die opstanding uit die dood.

Miskien vermy jy alle gedagtes aan die dood. Feit bly, een of ander tyd sal jy ook met die dood gekonfronteer word . . . uiteindelik met jou eie.

Miskien glo jy nie aan die opstanding nie. Jy is nie die eerste nie. Jare gelede het die Griekse wysgere vir Paulus gelag toe hy hulle van die opstanding vertel het, en vir hom gesê: “Ons sal u weer hieromtrent hoor” (Hand. 17:32).

Maar gebruik 'n bietjie geduld met my. Jy en ek moet aanvaar dat daar sekere dinge is wat ons nie met blote breinkrag kan verklaar nie.

Die opstanding van die dode is een van daardie dinge. Dit is 'n Godswonder.

Hoé dit presies sal gebeur, kan ek dus nie vir jou sê nie. Maar dát dit wel sal gebeur — daarvan wil ek jou uit Gods Woord vertel.

As jy bietjie tyd het, leen iewers 'n Bybel. Of as jy 'n Rand of twee kan spaar, gaan koop vir jou een. Of, daardie Bybel wat Ma vir jou gegee het toe jy 'n kind was, gaan trek hom weer uit waar hy tussen die ander boeke in jou boekrak verlore geraak het. Stof hom af en lees die volgende paar Skrifgedeeltes om beter te verstaan wat ek so graag vir jou wil vertel:

I Korinthiërs 15; I Thessalonicense 4;
Johannes 5:28 en 29; Openbaring 20:12 en 13;
Lukas 16:27 en 28.

WAAROM MÓÉT DIE MENS STERWE?

Eintlik kan niemand die dood keer nie. Hy dra die sleutel van elke slot, hy ken die pad na elke deur. Vanaf die wieg agtervolg hy jou. Hy volg jou met sy stille stap as jy in jou motor klim, af agter die lessenaar plek neem, of in die kombuis kos maak.

Niemand kan hom teëhou nie. Weelde en rykdom kan teen hom niks vermag nie. Trane en droefheid ontsien hy nie. Ouderdom of jonkheid staan teenoor hom ewe weerloos. Selfs die mediese wetenskap kan die dood nie wegwerk nie. Die bekwaamste dokter en die beste medisyne, hoewel hulle uiterlik die lewensduur mag verleng, moet uiteindelik sê: Ons kan niks meer doen nie. En dan sluip die vaal gedaante van die dood tussen die wit gestaltes van geneeshere en verpleegsters deur.

Ja, hoe *magteloos* kan 'n mens nie wees by die sterfbed nie! Daarom is daar by die sterwe nie plek vir baie woorde nie. Mensewoorde klink so ydel, hol en leeg. Ons móét sterwe, want hierdie ou liggaam hou nie vir altyd nie. Dit is aan siekte en agteruitgang onderworpe.

Maar nou leer die Skrif ons nog die *dieper rede* waarom die dood so onverbiddelik en onontkombaar is. Die dood het in hierdie wêreld gekom na die *sondeval*. Die dood is immers die loon op die sonde. As die sonde nie in die wêreld gekom het nie, sou die dood nie gekom het nie. Ons mense het dus self die dood gebring. Dit is die bittere straf op die sonde.
En tog ken ons die dood dikwels so oppervlakkig. Ons kyk ons so blind teen die uiterlike kant van die dood. Ons ween alleen as die liggaamlike dood in ons huis kom, as iemand kerkhof toe moet gaan.

Maar die Skrif spreek ook nog van 'n ander vorm van die dood. Daar is ook nog die *geestelike* dood, wat die sonde meebring.

Dit bestaan daarin dat die mens die band met God verbreek het, dat jy sonder God lewe. Elke mens is van sy geboorteuur af onderworpe aan hierdie dood. Vanweë sy skuld voor God leef die mens as 'n vyand van God en dink hy kan sonder God klaarkom.

Dit is die diepere dimensie van die dood, hierdie geestelike dood. Die ergste is dat die mens oor sy geestelike dood hom so weinig bekommer. Want hierdie doodsheid tas selfs die *gewete* aan, sodat 'n mens jou nie skaam oor jou ongeloof en jou brutaliteit dat jy sonder God wil leef nie. Ja, die mens dink selfs dat hy die ware lewe juis buite God moet soek!

Het jy al gehuil, omdat jyself of een van jou dierbares *sonder* God lewe — geestelik dood is?

Dit is nie meer die grusame roofdier wat jou agtervolg nie.

Alleen deur die geloof in Christus, alleen deur die wedergeboorte kan 'n mens van hierdie geestelike dood verlos word. En dan soek jy nie meer die lewe buite God nie.

Maar dan staar jy jou ook nie meer blind teen die liggaamlike dood nie. In Christus verkry die dood 'n ander betekenis. Dit is nie meer die grusame roofdier wat jou agtervolg nie. Deur die geloof word die liggaamlike dood 'n poort. Die graf is nie meer 'n doodloopstraat se einde nie, maar die lanferboog waaragter iets verrassends wag. Die dood is dan geen betaling vir die sondes nie, maar die enigste weg om die sondes finaal af te sterf.

Ons móét dus sterwe, omdat:

1. ons huidige liggame nie vir altyd hou nie;
2. dit God se straf is op die sonde;
3. dit vir die gelowige die poort is na die onverganklike en volmaakte lewe.

WAT GEBEUR AS ’N MENS DOODGAAN?

Die sterwe van 'n mens is 'n diep verborgenheid. Wat daar presies gebeur, sal jy en ek wat nog in die lewe is, nie deurgrond nie.

Tog lig die Heilige Skrif hieroor ook die sluier. Eers lees ons in *Prediker hoofstuk 3* dat die mens *soos die dier* vergaan. Die Prediker sien dat die mens se bestaan vasgevang sit in 'n kringloop. Hoe troosteloos en sonder uitsig sug hy nie daaroor nie! Alles tevergeefs! Alles gebeur so fatalisties op sy bepaalde uur: die geboorte en die sterwe. En as die sterwe kom, is dit net so troosteloos.

Maar verstaan jy waarom dit so troosteloos vir die Prediker is in hoofstuk 3? Omdat hy alles van onder die son besien. Telkens lees jy dit in die eerste paar hoofstukke: Ek het gesien onder die son! En: Ek het in my hart gesê. Dit wil eintlik sê dat die Prediker na die dinge gekyk het soos 'n ongelowige. Die ongelowige sien alles slegs van onder die son.

En as die Prediker van onder die son na die dood kyk, dan sterf die mens soos die dier. Alles gaan na een plek toe; alles is uit die stof en alles keer na die stof terug. Alles ontbind.

Van onder die son gesien, is ons lewe soos in 'n draaikolk vasgesuig. Alles wat gebeur, is soos deur die noodlot bepaal. En natuurlik word die dood dan die einde van alles, die end van die doodloopstraat van 'n lewe sonder God. Dan sterf jy soos 'n dier leef.

Maar in *Prediker 12* sien die Prediker die dinge, ook die dood, anders. Nie meer van onder die son nie, maar van bo die son, vanuit die lig van die ewigheid. En dan sê dieselfde Prediker: *Die mens gaan na sy ewige huis.* Die mens se lewe is nie 'n sirkelgang nie, maar 'n voortgang na 'n vaste bestemming. Dit is wat die dood vir die gelowige eintlik beteken: *'n deurgang.* Tog bly die dood iets onaangenaam. Dit is nie deel van die oorspronklike geskapenheid nie. Wat met die dood gebeur, kan in een woord beskryf word as *skeuring* of *skeiding.*

Terwyl ek so na die boek Prediker in die Bybel verwys, kom ons kyk na drie beelde wat hy gebruik om hierdie “skeuring” te beskryf.

1. Hy praat eers van die silwerdraad wat afgesny word en dan val die *goue m oliekan* stukkend. Dis die beeld van 'n ou *oosterse lamp,* 'n goue lamp wat met 'n dun draadjie aan die plafon vas is, sodat dit helder en duidelik kan skyn. So lyk ons lewe. Dit skyn breed en ver en is so kosbaar, en tog is dit met 'n dun draadjie verbind. Daar is maar een tree tussen ons en die dood.

   En dan, met die sterwe breek die draadjie en die mooi, kosbare lamp val stukkend. Al wat oorbly, is die skerwe, maar die lig is uit. Dit het donker geword! So donker is dit by die sterfbed, as die lig van die lewe uitgaan.

2. Maar hy gebruik nog 'n tweede beeld: 'n *Kruik* by die fontein. In die Ooste is dikwels water gaan haal met so 'n kruik. Maar daar by die water, by die fontein, breek die kruik. Die water vloei verder, maar al wat jy het, is die stukkende skerwe.

   So is die sterwe. 'n Mens is bruikbaar soos die kruik, maar as dit breek, dan vloei die water van die lewe verder, en dié wat agterbly, sit met die stukkende skerwe! Gou word jy vergeet as die lewenstroom verder vloei.

3. Die laaste beeld is ook ontleen aan die gewoonte om water te skep. Maar dié keer uit 'n put. Daarvoor is 'n emmer aan 'n *wiel* vas en die emmer word met die wiel laat sak. Maar dan breek die

wiel, en dit val in die put en jy staan daarbo sonder water, arm en dors.

Ja, dit is die *verbystering* van die dood. Dit laat jou so leeg agter, en so word 'n mens afgesny uit die lewe. Die lamp gaan dood, die kruik breek stukkend, die wiel val na benede — skeurend — weg van aardse lewe.

> Die Bybel leer ons dat met die dood ook 'n ander skeuring plaasvind: — *liggaam* en gees. Die liggaam keer terug na die aarde, na die stof. En die gees keer terug na God.

Ja, die dood is die *uiteenskeuring* van bande. Nie alleen bande met dierbares nie, maar ook die band tussen liggaam en siel. Die aardse tentwoning word opgebreek. Wat 'n *ontreddering!*

Hierin verskil die mens van die dier Met die sterwe kom die skeiding tussen liggaam en siel, en wag vir opstandingsdag.

HOE MOET MENS DIE DOOD TEGEMOET GAAN?

Teenoor die dood kan 'n mens verskillend staan. Daar is baie wat daarteenoor *onverskillig* staan. So het die Prediker dit in Hoofstuk 3 gedoen, toe hy alles van onder die son gesien het. Die ongeloof maak 'n mens onverskillig. Maar dit maak jou ook *wanhopig*, pessimisties. Dan lyk jou lewe vir jou so deur die noodlot bepaal. En jy sê: Ag, die dood kom maar op sy tyd. Ek kan daar niks aan doen nie.

Jy kan ook die dood probeer *vergeet* of aan die gedagte ontvlug. Dan is jy so erg bedrywig soos die bekende ryk jongman in die gelykenis wat vir alles voorsiening gemaak het, maar nie vir sy siel nie.

Maar die Prediker wys ons in die laaste hoofstuk tog 'n ander weg. Dink aan jou Skepper, sê hy, "voordat" . . . jou dood kom.

Dink aan jou Skepper. Ja, so moet jy jou voorberei. Dink aan jou Skepper — dit is om uit die *geloof* te lewe.

Dit is om nie meer 'n geestelike dooie te wees nie. En vanuit die Nuwe Testament moet ons die dood tegemoet gaan in die geloof in Christus Jesus.

Dit is menslik om bang te wees vir die dood — dis 'n onbekende pad.

Ook Hy het die ontreddering van die dood gesmaak. Hy moes die vloek van God in sy dood ondervind toe Hy die helse smarte gely het aan die kruis. Daar het ons Skepper aan ons gedink! In sy ontferming!

Dit is menslik om bang te wees vir die dood — dis 'n onbekende pad. Die gelowige se troos is: Ons Herder het vooruit geloop. Hy het die pad oopgemaak.

Met Christus se sterwe het die dood vir gelowige van karakter verander.

Ja, 'n mens kan op twee maniere na die dood kyk. **In ongeloof:** Dan is dit grusaam. Dit dryf jou tot wanhoop! **In die geloof:** Dan werk en leef jy elke dag in die besef van jou verganklikheid. Maar ook elke dag in die besef van God se oneindige liefde! Dan gaan jy die dood tegemoet met die wete dat God sterker is as die dood, en dat ook die dood ons nie van sy liefde kan skei nie.

DIE LEWE IN DIE DODERYK.

Die menselewe is soos 'n gebou met drie verdiepings. Die eerste verdieping is die lewe op aarde tot en met die dood. Die tweede verdieping is die lewe na die dood tot die opstandingsdag. Die derde verdieping is die lewe van die opstandingsdag af tot in ewigheid.

Ek wil jou nou van hierdie tweede verdieping vertel: Die lewe na die dood tot die opstandingsdag. Anders gestel: *Die lewe in die doderyk.*

1. IS DAAR LEWE NA DIE DOOD?

Die mens se lewe hou nie by die graf op nie — vir niemand nie. Of jy gelowige is of nie.

In die Ou Testament al is daar baie gegewens wat aandui dat die gelowiges van daardie tyd geglo het, èn ervaar het, dat die lewe voortgaan na die dood. So lees ons van Henog wat weggeneem is "om die dood nie te sien nie" (Gen. 5:24; Hebr. 11:5), en van Elia wat lewend opgevaar het en nooit gesterf het nie.

Die Hebreërboek vertel dat die Ou Testamentiese gelowiges "die stad verwag wat fondamente het ... en bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was (en hulle het) verlang na 'n beter vaderland, dit is 'n hemelse" (Hebr. 11:10, 13, 16).

Dink aan Psalm 73:24: "U sal my lei deur u raad en my daarna in heerlikheid opneem.".
Jesaja 25:8: "Hy (God) sal die dood vir ewig vernietig, en die Here HERE sal die trane van alle aangesigte afvee."

Jesaja 26:19: "U dode sal herlewe, my lyke sal opstaan. Waak op en jubel, julle wat in die stof woon."

Daniël 12:2, 3: "En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik."

Hosea 13:14: "Uit die mag van die doderyk sal Ek hulle loskoop, Ek sal hulle verlos van die dood. . ."

As jy saam met my na die Nuwe Testament blaai, is die gegewens oorweldigend, wat getuig van 'n voortbestaan of lewe van die mens na die dood.

Immers, wat was die groot doel dat God sy eniggebore Seun na die wêreld gestuur het? "Sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die *ewige lewe* kan hê" (Joh. 3:16).

Die lewe na die dood sou vir ons almal één ewige doodshel gewees het, waarin ons die ewige toorn van God oor ons sonde sou verduur. Maar Jesus Christus het, in 'n kwessie van ongeveer 33 jaar, hierdie ewige toorn van God *in ons plek* gedra, sodat ons ewig kan *léwe.*

Van hierdie lewe na die dood sê Jesus in Johannes 5:24: "Voorwaar, Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, hèt die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe."

Met die opwekking van Lasarus (Joh. 11) sê Jesus dit ronduit: "Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe."

Om te sterwe is soos om 'n ou, stukkende jas uit te trek. As méns leef jy voort – net die ou, stukkende liggaam bly agter.

Dit alles spreek van die kinders van God se heerlike ewige lewe by die Here na die dood.

Maar ook die goddelose het 'n voortbestaan ('n soort lewe) na die dood. Kyk maar na die gelykenis van die ryk man en Lasarus in Lukas 16:23. Ook die ryk man het na sy sterwe sy oë in die doderyk oopgemaak en bewustelik voortbestaan.

Of sou jy meen dat die ewige, almagtige God, vir Wie duisend jaar soos een dag en een dag soos duisend jaar is, net in terme van ons kortstondige, aardse bestaan dink? — 70, of hoogstens 80 jaar?

Nee, met die dood word slegs ons aardse tentwoning afgebreek. Om te sterwe, is soos om 'n ou, stukkende jas uit te trek. As mèns leef jy voort — net die ou, stukkende liggaam bly agter.

Daarom sê Paulus: "As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense" (I Kor. 15:19).

2. WANNEER BEGIN DIE LEWE NA DIE DOOD?

Ek moet jou weer verwys na die gelykenis wat die Here oor hierdie saak vertel het. Toe Lasarus sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham (Luk. 16:22).
Van 'n begrafnis van sy verslete, ou liggaam lees ons niks. Van belang is dat hy *dadelik* na Abraham geneem is.

Die ryk man kry waarskynlik 'n swierige begrafnis. Maar terwyl familie en vriende nog rondom sy graf staan en vertel hoe 'n wonderlike man hy was, ly hy op *daardie selfde stadium* smarte in die vlam.

Ons Here Jesus Christus toon in hierdie gelykenis dat die mens nie eers na jare of eeue ná sy dood, of met die oordeelsdag tot sy bewussyn kom nie, maar *dadelik* by sy sterwe.

Daarom sê Jesus aan een van dié wat saam met Hom gekruisig is: " *Vandag* sal jy saam met My in die Paradys wees." Met ander woorde, anderkant die poort van die dood sal Ek jou dadelik ontmoet.

Daar is dus nie 'n vagevuur of bewaarplek of tydelike slaaptoestand waarin die mens na sy sterwe verkeer nie. Die lewe na die dood begin onmiddellik na die sterwe — eintlik 'n voortsetting van die lewe.

Die kerk het hierdie heerlike waarheid in sy belydenis uitgespreek (Heid. Kategismus vraag en antwoord 57): "Dat . . . my siel ná hierdie lewe *dadelik* tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word. . ." Dit kan ook jóú belydenis word.

By die begrafnis van 'n gelowige kan jy só aan hom of haar dink: Hy of sy lewe op hierdie oomblik, al is daar net 'n lewelose liggaam in die kis.

3. WAAR IS DIE DODERYK?

Dit is seker vir jou duidelik dat hierdie lewe in die tweede verdieping nie die lewe op die nuwe aarde onder die nuwe hemel is nie. Dit kom eers ná die wederkoms en opstandingsdag. Ons het immers ons liggame ook nodig om in daardie volmaakte, ewige heerlikheid te leef. Dit is die derde verdieping waaroor ek later met jou sal praat.

Die vraag is nou: Wáár is hierdie lewe in die tweede verdieping? Waar gaan die siele heen direk na die sterwe? Waar is die doderyk? Is goddeloses en kinders van God daar deurmekaar?

Jesus sê in daardie gelykenis dat Lasarus deur die engele weggedra is na die boesem van Abraham. Dit beteken hy is na die vergaderplek van die gelowiges geneem — Abraham is die vader van die gelowiges.

Waar is dit?

By Christus, in die woonplek van God. In Filippense 1:21 en 23 beskryf Paulus sy verlange om daar uit te kom: "Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins . . . ek het verlange om heen te gaan en *met Christus te wees,* want dit is verreweg die beste."

Jy kan ook dink aan die siele onder die altaar, waarvan Openbaringe 6:9-11 praat. Hulle is die gelowige martelare wat vlak by die troon van God roep: "Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?"

Die doderyk is dus 'n bepaalde plek – die versamelplek van alle afgestorwenes.

Ook Heidelbergse Kategismus vraag 57: ("dadelik by Christus".)

En dan is daar in dieselfde doderyk 'n afsonderlike plek vir die goddeloses — klaarblyklik met 'n uitsig oor die kinders van God. Dit is juis wat hulle voorlopige hel hèl maak: Hulle kan God se heerlikheid en dié van sy kinders van ver af sien, terwyl hulle opgevreet word deur selfverwyt.

Die ryk man maak sy oë in die doderyk oop, en hy síén Abraham van ver af, en Lasarus aan sy boesem (Luk. 16:23).

Ook hulle is nog nie in die finale hel nie — soos die gelowiges nog nie in die finale hemel is nie.

Gelowiges verkeer in 'n voorlopige staat van heerlikheid by Christus, maar in die doderyk.

Goddeloses verkeer in 'n voorlopige staat van hel in dieselfde doderyk, maar sonder die nabyheid van Christus. God sluit sy ore vir hulle gekerm. Elke versoek word geweier.

Die doderyk is dus 'n bepaalde *plek* — die versamelplek van alle afgestorwenes.

Maar daar is 'n definitiewe skeiding tussen goddelose en regverdige. In vers 26 (Luk. 16) antwoord Abraham die ryk man: "En by dit alles is daar tussen ons en julle 'n groot kloof gevestig, sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie; en die wat dáár is, nie na ons kan oorkom nie."

SAL DAAR HERKENNING WEES?

Jy het seker ook al gehoor dat mense vrae in dié verband vra. Miskien het jy self al gewonder: Is die dooies bewus van wat op aarde gebeur? Sal ons mekaar in die hemel (doderyk) herken?

1. WAT IS DIE VERHOUDING VAN DIE HEMELINGE TOT DIE AARDBEWONERS?

Uit die Bybel lyk dit asof ons hoogstens kan praat van 'n sekere *kennis deur herinnering* wat die mense in die doderyk van die aardse lewe het.

Die ryk man in die gelykenis *onthou* dat sy broers, soos hy, hulle nie bekeer het nie. Daarom vra hy 'n verslaggewer uit die doderyk — maar kry dit nie. Abraham antwoord dat hulle Moses en die profete, die Bybel, het. As ons nie glo op grond van dit wat in die Bybel staan nie, sal ons nie oortuig word nie, "al sou iemand ook uit die dode opstaan."

Om van ons kant af kontak met die afgestorwenes te probeer maak, is onmoontlik en deur God verbode.

Dit alles weet Abraham uit aardse herinnering.

Ook die siele onder die altaar *onthou* hoe die goddelose die regverdige op aarde verdruk. Daarom vra hulle vergelding ter wille van die eer van God.

Direkte kennis van elke ding wat op aarde na hul sterwe gebeur, is daar egter nie. Kontak met die aarde is ook onmoontlik. Jesaja 63:16 lui: "Want u is ons Vader! Want Abraham weet van ons nie en Israel ken ons nie."
Om van ons kant af kontak met die afgestorwenes te probeer maak, is ook onmoontlik en deur God verbode. Lees maar die geskiedenis van Saul en die heks van Endor in I Samuel 28.

Daarom is dit ook sinloos om langs 'n pasgestorwene te sit en met hom/haar te praat asof hulle ons kan hoor, of om tot hulle te bid.
Dit is ook verkeerd om op aarde te lewe asof jou oorlede man of vrou voortdurend kyk wat jy doen. Net God is alwetend en alsiende. Jy kan gerus voortgaan met jou lewe sonder 'n spook.
Die hemelinge het slegs kennis van die aarde, omdat hulle self vroeër op aarde gebly het en hulle onthou hoe dit hier was.

2. SAL ONS MEKAAR IN DIE DODERYK HERKEN?

As ek vandag sterwe en in die doderyk aankom, sal ek my kind wat doodgebore is herken? Sal jy daar bly wees om weer jou ou geliefde te sien?

Hieroor gee die Skrif vir ons duidelike antwoorde.

As ek vandag sterwe en in die doderyk aankom, sal ek my kind wat doodgebore is, herken?

Kom ons kyk eers na Jesaja 14. Daar word aan ons geskilder hoe Nebukadnesar aankom in die onderwêreld ('n ander woord vir doderyk). Dit is 'n spottende beskrywing. Die koning van Babel word met syaankomsin die hel *dadelik herken* en met joelende en sarrende spot begroet.

Nog duideliker leer ons Here Jesus dit Self in Lukas 13:28, as Hy teenoor die goddelose sê: "Daar sal geween wees

en gekners van tande wanneer julle Abraham en Isak en Jakob en al die profete in die koninkryk van God sal *sien."*

Van weerskante af sal daar dus herkenning wees.

Ook die gelowiges onderling sal mekaar herken. As Dawid se kindjie by Batseba sterf, dan sê hy in II Samuel 12:23: "Ek gaan na hom, maar hy sal na my nie terugkeer nie."

Dink ook aan die woorde van die Here Jesus in Lukas 16:9: "Maak vir julle vriende deur die onregverdige Mammon, sodat, wanneer julle die lewe verlaat, hulle julle in die ewige tente kan ontvang." Die vriende wat jy op aarde gemaak het, en wat jou vooruitgegaan het na die hemel, sal jou in die Vaderhuis met blydskap verwelkom.

Hierdie herkenning is natuurlik 'n geestelike misterie — 'n geestelike bewuswording van mekaar. Eers op die nuwe aarde onder die nuwe hemel sal ons mekaar liggaamlik volkome herken.

Tog moet jy besef dat die verhoudinge dáár anders sal wees as hier op aarde. Die natuurlike verhoudinge word daar totaal oorheers deur die geestelike — dat almal kinders van God mag wees. Daarom, al sou jy jou kind in die hemel herken en bly wees oor sy teenwoordigheid, sal jy nie die ou ouer-kind-verhouding voortsit nie, omdat jou, en sy, verhouding tot God alle klem dra. So sal daar ook nie die verhouding man-vrou, broer-suster, ensovoorts wees nie.

Wat 'n wonderlike vooruitsig! Jesus Christus het vir jou en my verdien dat sy vaderhuis ook óns vaderhuis word. Anderkant die dood deel God sy hemel met mense soos jy en ek.

Die Opstandingsdag!

Dit is vir my aangenaam om jou van hierdie dinge te vertel. Dit is 'n heerlike evangelie dat daar 'n opstanding van die liggaam is. Die dood en die graf het nie die finale sê nie. Daar is Een wat sterker is as die dood, Een wat belowe het: Wie in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe.

Goeie nuus, nie waar nie!

Die angel van die dood — daardie iets wat so seermaak in verband met die dood, daardie ding wat ons almal gesteek het — dié is verwyder.

JESUS CHRISTUS SE OPSTANDING OORWIN DIE DOOD.

Om die dood te oorwin, moet die oorsaak van die dood, naamlik die sonde, eers weggeneem word.

En dit het Jesus Christus, die Seun van God, kom doen. Hy ly en sterf onder die toorn van God oor ons sonde.

Maar die graf kon Hom nie inhou nie. Na drie dae staan Hy op en oorwin so die dood. Daarom kan Paulus vra: "Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning? Die angel van die dood is die sonde, en die krag van die sonde is die wet. Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus" (I Kor. 15:55-57).

Christus dra die sleutel van die doderyk en van die dood.

Nou dra dié Christus die sleutel van die doderyk en van die dood.
Daar kom 'n dag wanneer Hy elke graf en die doderyk gaan oopsluit en alle siele weer met hul liggame gaan verenig.

Dan sal dit ook sigbaar duidelik wees dat Jesus Christus die dood oorwin het.

Johannes 5:28-29 gee hierdie waarheid in 'n neutedop weer: "Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling."

WANNEER?

Ek hoor jou vra: Wanneer sal dit gebeur?

Ek weet nie. Die engele weet ook nie. Selfs die Seun van God ken nie die presiese uur nie. Net die Vader in die hemel weet presies wanneer (Mark. 13:32).

Maar dit is ook nie die belangrikste om te weet wanneer dit sal gebeur nie, maar wel dat dit sal gebeur met die *wederkoms* van Christus.

Die liggaam van hierdie lewe het verandering nodig om vir ewig voort te bestaan.

Het dit jou ook getref dat geen enkele mens ooit klaar afreken met Christus nie? Ook nie die ongelowige nie. Hy sal ook uit sy graf opstaan. Eenmaal sal die oordeel hom tog inhaal.

As die ongeregtigheid ryp geword het vir die oordeel van God, die Almagtige, as God sy punt gaan sit agter die geskiedenis van die wêreld, dan sal God deur die diens van die engele die laaste basuingeskal laat uitgaan (Matt. 24:31) en dan sal die dooies lewend word.

Al het daardie liggaam al poeier geword, al het dit in die see deel geword van die organiese samestelling van seewater, al is dit saam met die stof van die aarde deur die wind verstrooi, God laat deur 'n wonder dieselfde liggame herlewe (Openb. 20:12—13). Dit mag vir ons 'n probleem wees, maar nie vir God nie.

WAT VAN DIE MENSE WAT OP DAARDIE DAG NOG IN DIE LEWE IS?
(I Kor. 15:52 I Thess. 4:17)

Die Bybel gee 'n kort en duidelike antwoord op hierdie vraag.

Die mense wat met die opstandingsdag nog in die lewe is, sal in 'n kwessie van 'n oomblik of oogwink, verander word. Hulle sal nie deur die poort van die dood hoef te gaan nie.
Die liggaam van hierdie lewe het verandering nodig om vir ewig voort te bestaan. Daardie verandering tot onverganklikheid sal God met die opstandingsdag vir die lewendes so vinnig laat plaasvind as wat 'n mens jou oog knip.

DIE LEWE OP DIE NUWE AARDE.

Het jy agtergekom, op aarde is die onderskeid tussen gelowiges en ongelowiges nie so duidelik nie. Trouens, daar is dikwels by die gelowiges so min sigbaar van die heerlikheid wat God aan sy kinders belowe. Miskien is dit jou probleem met die kerk en sy mense. Baiekeer lyk dit asof dit met die ongelowiges beter gaan as met die gelowiges.

In die lewe na die opstanding kom hierdie onderskeid egter duidelik aan die lig.

Daarom is dit nodig dat ek hier in twee kategorieë praat:

1. DIE LEWE VAN DIE ONGELOWIGE NA DIE OPSTANDING.

Dit is opmerklik dat die soort lewe wat 'n mens lei eintlik konsekwent voortgesit word na die dood: Wie *buite* Christus op aarde lewe, gaan na sy sterwe na die doderyk waar hy buite Christus in pyn en ellende verkeer in 'n voorlopige staat van hel. Na sy opstanding gaan sy lewe buite Christus voort. Maar dan in sy finale en ewige bestemming — die plek wat die Bybel noem: "gehenna" — verderf, poel van vuur, tweede dood. Dit is sy finale, volkome hel. Wat dié plek so erg maak, word weer eens beskryf deur die woordjie *buite:*
Hy is dan *buite:*

die gemeenskap met God;
die heerlikheid van God se kinders;
die liefde van die Vader.

'n Ewige hel vol selfverwyt: Waarom het ek tog nie met God rekening gehou, terwyl Hy nog *binne* bereik was nie (Luk. 16:27 en 28)?

Besef jy die noodsaak om in hierdie lewe al mèt Christus te leef? Wat ná hierdie lewe kom, is 'n voortsetting van dit wat in hierdie lewe begin is. Hierdie lewe is die knop (beginsel) wat ná hierdie lewe oopgaan in 'n volle blom. Wie nóú sonder Christus leef, leef vir ewig sonder Hom. Is dit nie meer as die moeite werd om nou al sy evangelie te aanvaar nie?

2. DIE LEWE VAN DIE GELOWIGES NA DIE OPSTANDING:

Teenoor die woordjie "buite" wat die lewe van die ongelowiges karakteriseer, staan die woord "heerlikheid" as beskrywing van die lewe van die gelowiges —
veral ná die opstanding.

Ek sou hierdie saak werklik nie mooier aan jou kan verduidelik as Paulus dit doen met die beeld van 'n koringkorrel in I Korinthiërs 15 nie.

Het jy al gesien hoe kaal lyk 'n land met saaityd? Die wind waai die stof sommer maklik rond. Tog gooi die boer saadkorrels in daardie aarde . . . in die verwagting dat daar iets gaan gebeur. En waarlik, kom jy oor 'n paar maande by dieselfde land, dan staan dit wuiwend, vol en aantreklik daar. As jy nader ondersoek instel, sien jy. Vir elke één koringkorrel wat gesaai is, wat skynbaar in die aarde gesterf het, het 'n halm opgekom en bo-aan hang 'n aar vol koringkorrels. *Één* is gesaai, *baie* kan geoes word.

So is dit met die lewe van 'n gelowige. Met 'n begrafnis lyk dit soos met saaityd — kaal, mistroostig . . . en tog saai ons vol geloofsverwagting. Met die opstanding is dit soos met oestyd — wuiwend, vol, ryp, aantreklik, heerlik. So anders as met die begrafnis.

Kom ek beskryf 'n paar van hierdie andershede aan die hand van I Korinthiërs 15:

2.1. VERGANKLIK/ONVERGANKLIK.
"Daar word gesaai in verganklikheid, daar word opgewek in onverganklikheid."

Die liggaam wat jy nou het, gaan aanhoudend agteruit . . . totdat dit eendag tot niet sal gaan. Dit word ouer, swakker, slegter, leliker, ensovoorts. Ná die opstanding sal ons liggame hê wat nie kan agteruitgaan nie — wat nooit gedaan raak nie, wat nooit vergaan nie.

Wat ná hierdie lewe kom, is 'n voortsetting van dit wat in hierdie lewe begin is.

2.2. ONEER/HEERLIKHEID.
"Daar word gesaai in oneer, daar word opgewek in heerlikheid".
Het jy al 'n lyk gesien?

Nie lekker om daarna te kyk nie, nie waar nie? Daardie mens wat jy geken het, lyk dan so sonder eer en trots; so verneder, leweloos.

Die lewe ná die opstanding is 'n lewe in 'n verheerlikte liggaam. Dit is wel dieselfde liggaam (ander sal jou herken), maar dan ontdaan van alle swakheid en oneer, verheerlik en gelykvormig aan die verheerlikte liggaam van Christus (Fil. 3:21; I Joh. 3:2).

2.3. SWAKHEID/KRAG.
"Daar word gesaai in swakheid, daar word opgewek in krag."

Wat 'n heerlike vooruitsig!

Een van 'n mens se grootste beperkinge in hierdie lewe, is die feit dat jy moeg word. 'n Mens word fisies en geestelik gou gedaan. Hoe ouer jy word, hoe gouer is jou kragte uitgeput.

Ná die opstanding wag 'n lewe waarin jou krag om God te loof, nooit uitgeput sal raak nie. Terloops, dit sal ons hooftaak wees in die hemel: Om God te loof en te prys.

'n Lewe sonder jeug of ouderdom.

'n Babatjie of grysaard sterf op aarde. Op die nuwe aarde onder die nuwe hemel kom ons aan in die fleur van ons lewe ... en bly so. 'n Lewe sonder gebrek of gebreklikheid.

Hoeveel kinders van God het die graf ingegaan met uitmekaar geskeurde en verminkte liggame; hoeveel is daar wat deur ongeneeslike siektes, kwale en pyne dag en nag ly; hongeriges met uitgeteerde liggame, kreupeles verlamdes en blindes . . . op hulle wag die blydskap dat hulle met volmaakte en gesonde liggame op die op die nuwe aarde sal leef (Jes. 35:6). Sonder trane, droefheid of dood (Openb. 21:4).

Met 'n begrafnis lyk dit soos met saaityd — kaal, mistroostig ... en tog saai ons vol geloofsverwagting.

Daar sal volkome kennis wees. Die spieël en raaisel voor ons oë het dan verdwyn. Die onverstaanbare dinge van hierdie lewe het dan in volmaakte patroon geval. Dan sal ons God se borduurwerk van bo af sien.

Daar sal ook volkome harmonie in die natuur wees (Jes. 11:6).

2.4. NATUURLIKK/GEESTELIK.
"'n Natuurlike liggaam word gesaai, 'n geestelike liggaam word opgewek." "En soos ons die beeld van die aardse gedra het, so sal ons ook die beeld van die hemelse dra."

Met hierdie geestelike liggaam word bedoel 'n liggaam wat totaal deur die Heilige Gees beheer word.

Is al die ongelukkigheid van ons lewe op aarde nie juis daaraan toe te skryf dat ons die Heilige Gees bedroef en in sonde val nie?

Op God se nuwe aarde sal die oorwinning van Christus oor die sonde finaal deurbreek. Ons stryd teen die sonde sal op 'n end wees. Die verleiding deur die Bose, en die sinlike luste sal daar geen rol meer speel nie. Dit sal 'n liggaam van 'n hoër orde wees. 'n Lewe wat gerig is op God alleen.

Seks en die huwelik verval, omdat die getal van die kinders van God voltallig sal wees.

Ja, die verlossing wat die Kind van Betlehem bring, is geen halwe verlossing nie. Dit is verlossing na liggaam en siel, 'n verlossing van die héle mens.

Die gelowiges ontvang hierdie volkome verlossing wanneer Christus hierdie aarde vernuut en herskep om dit 'n nuwe aarde te maak, waarop die regverdiges met die verheerlikte liggaam sal woon . . . om altyd by die Here te wees (I Thess. 4:1).

Ja, die oorwinning behoort nie aan die dood en verganklikheid nie, maar aan die lewe en lewensvors, Jesus Christus.

Ja, die oorwinning behoort nie aan die dood en verganklikheid nie, maar aan die lewe en lewensvors, Jesus Christus.

Jy en ek staan nou nog in 'n sugtende, vervloekte en lydende skepping.

Maar tel jou kop op. Bind jou deur die geloof vas aan hierdie Lewensvors — ook wanneer alles om jou wankel.

Agter die horison van die verganklikheid wag 'n ewigheidstoekoms.

Dáárheen is Hy met jou op pad.

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520. Tel. 23831.